Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Alexandra Henriques
Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderssteuning
Alexandra.Henriques@westerncape.gov.za | 021 467 2767

Lêerno.: 18/5 P
Verwysing: 20220912-6473

Omsendbrief: 0038/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle gewone openbare skole

Kort opsomming: *Standaard Bedryfsprosedure (SBP): om skole met die uitreiking, behoud, herwinning en bestelling van handboeke te lei.*

Onderwerp: Standaard Bedryfsprosedure (SBP): uitreiking, behoud, herwinning en bestelling van handboeke deur skole

1. Aan die begin van elke skooljaar behoort elke leerder 'n handboek per vak en graad te hê.

2. Om skole te help om aan hierdie vereiste te voldoen, het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement 'n SBP saamgestel.

2.1 Die SBP moet saamgelees word met Inrigtingshulpbrononderssteuningsminuut 0002/2022 (Hersiene raamwerk vir die verskaffing en bestuur van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal), gedateer 14 Februarie 2022, en Omsendbrief 0028/2020 (Belangrike sperdatums en prosesse vir die bestuur van handboeke by skole), gedateer 29 September 2020.

3. 'n Afskrif van die ondertekende SBP is hierby aangeheg en moet deur alle skole gebruik word.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-10-06